# Linctagon®

## Throat Lozenges

**SCHEDULING STATUS**
To be allocated.

**PROPRIETARY NAME AND DOSAGE FORM**
Linctagon® Lozenges (Lozenges)

**COMPOSITION**

| Active Ingredients | Per lozenge: | Per 6 lozenges (maximum daily dosage): |
|---|---|---|
| *Pelargonium sidoides* Root | 50 mg | 300 mg |
| *Eucalyptus spp.* Oil | 8,3 mg | 50 mg |
| *Menthol Crystals | 13,2 mg | 79,2 mg |

*Only in Cherry Menthol flavour.
Contains sugar (sucrose 2,55 g/ 5 ml and glucose 2,55 g/ 5 ml).

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**
D.32.16 Other Substances or Agents - Others.
Western Herbal Medicine.

**INDICATIONS**
Linctagon® Throat Lozenges contain the active ingredients *Pelargonium sidoides* and *Eucalyptus spp.* that can assist the body by soothing and relieving irritation from coughing associated with respiratory tract infections. For a diagnosis or if symptoms persist, consult a medical practitioner. Efficacy of support may vary between users.

**CONTRAINDICATIONS**
Do not use if known hypersensitivity or allergy exists towards any of the ingredients. If in doubt consult your medical practitioner. Do not administer to infants or children younger than 6 years of age.

**WARNINGS AND SPECIAL PRECAUTIONS**
Do not use if known hypersensitivity or allergy exists towards any of the ingredients. If in doubt consult your medical practitioner. Do not administer to infants or children younger than 6 years of age. People using anticoagulant- or antiplatelet medication, such as Warfarin, should use this product with caution as *Pelargonium sidoides* may have a blood thinning effect. Contains sucrose and glucose. People with rare hereditary conditions such as fructose intolerance, glucose-galactose mal-absorption or sucrase-isomaltase insufficiency should not take this product. Contains sucrose and glucose which may have an effect on the glycaemic control of people with diabetes mellitus. Products containing herbal ingredients may interact with some medication. If you are taking any chronic medication, do not use this product without consulting your medical practitioner. Do not exceed the recommended daily dosage. Do not use after date of expiry. Check expiry date on unit.
Porphyria: Safety has not been established.
**STORE OUT OF REACH OF CHILDREN.**

**INTERACTIONS**
People using anticoagulant- or antiplatelet medication, such as Warfarin, should use this product with caution as *Pelargonium sidoides* may have a blood thinning effect. Products containing herbal ingredients may interact with some medication. If you are taking any chronic medication, do not use this product without consulting your medical practitioner.

**PREGNANCY AND LACTATION**
Safety for use during pregnancy and lactation (breastfeeding) has not been established.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**
Do not exceed the recommended daily dosage.
Do not administer to infants or children younger than 6 years of age.
Adults 12 years and older:
Dissolve 1 - 2 lozenge(s) in the mouth, three times per day.
Children between 6 and 12 years of age:
Dissolve 1 lozenge in the mouth, three times per day.

**SIDE EFFECTS**
If you experience any side effects or sensitivity towards any of the ingredients, discontinue use. If symptoms persist, or if any adverse reactions occur, consult a medical practitioner. No side effects have been reported.

**KNOWN SYMPTOMS OF OVERDOSAGE AND PARTICULARS OF ITS TREATMENT**
Do not exceed the recommended daily dosage. If an accidental overdose occurs, consult a medical practitioner. Symptoms may include, but are not limited to; epigastric burning, nausea, vomiting, dizziness, muscular weakness, constricted pupils, a feeling of suffocation, delirium, headache and convulsions. Treatment is symptomatic and supportive.

**IDENTIFICATION**
Different flavour variants available.
Linctagon® lozenges original variant: round dark brown lozenge.
Linctagon® lozenges lemon flavour variant: round yellow lozenge.
Linctagon® lozenges cherry menthol flavour variant: round red lozenge.

**PRESENTATION**
15 individually wrapped lozenges in a plastic bag, in a unit carton, with a package insert.
15+5 individually wrapped lozenges in a plastic bag, in a unit carton, with a package insert.

**STORAGE INSTRUCTIONS**
Store below 25 °C. Store away from moisture and direct sunlight.
**STORE OUT OF REACH OF CHILDREN.**

**REGISTRATION NUMBER**
To be allocated.

**NAME AND BUSINESS ADDRESS OF THE HOLDER OF THE CERTIFICATE OF REGISTRATION**
Nativa (Pty) Ltd
260 Cradock Avenue, Lyttelton, 0157, Gauteng, South Africa
Tel: +27 (0) 12 664 7110 • Fax: +27 (0) 12 664 8031
Customer Care Line: **0860 NATIVA (628 482)**
E-mail: health@nativa.co.za
Website: www.nativa.co.za

**DATE OF PUBLICATION OF THE PACKAGE INSERT**
To be allocated.

This medicine has not been evaluated by the Medicines Control Council.
This medicine is not intended to diagnose, treat, cure or prevent any disease.

PPIL014/02

# Linctagon®

**Suigtablette**

**SKEDULERINGSTATUS**
Moet toegeken word.

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**
Linctagon® Lozenges (Suigtablette)

**SAMESTELLING**

| Aktiewe Bestanddele | Per suigtablet: | Per 6 suigtablette (maksimum daaglikse dosis): |
|---|---|---|
| *Pelargonium sidoides* Wortel | 50 mg | 300 mg |
| *Eucalyptus spp.* Olie | 8,3 mg | 50 mg |
| *Mentolkristalle | 13,2 mg | 79,2 mg |

*Slegs in Kersie-Mentolgeur.
Bevat suiker (sukrose 2,55 g/ 5 ml en glukose 2,55 g/ 5 ml).

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**
D.32.16 Ander Stowwe of Middels - Ander.
Westerse Kruiemedisyne.

**INDIKASIES**
Linctagon® Throat Lozenges bevat die aktiewe bestanddele *Pelargonium sidoides* en *Eucalyptus spp.* wat die liggaam kan ondersteun deur streling en verligting van irritasie as gevolg van hoes geassosieer met lugweginfeksies. Raadpleeg ŉ geneesheer vir ŉ diagnose of indien simptome voortduur. Effektiwiteit van ondersteuning kan verskil tussen gebruikers.

**KONTRA-INDIKASIES**
Persone met hipersensitiwiteit of allergieë vir enige van die bestanddele moet nie die produk gebruik nie. Indien twyfel bestaan, raadpleeg u geneesheer. Moet nie aan babas of kinders jonger as 6 jaar toedien nie.

**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**
Persone met hipersensitiwiteit of allergieë vir enige van die bestanddele moet nie die produk gebruik nie. Indien twyfel bestaan, raadpleeg u geneesheer. Moet nie aan babas of kinders jonger as 6 jaar toedien nie. Persone wat antikoagulant- of bloedverdunningsmedikasie, soos Warfarin neem, moet hierdie produk met omsigtigheid gebruik, aangesien *Pelargonium sidoides* ŉ bloedverdunningseffek kan hê. Bevat sukrose en glukose. Persone met seldsame oorerflike toestande soos: fruktose-intoleransie, glukose-galaktose wanabsorpsie of sukrase-isomaltase ontoereikendheid, moet nie die produk gebruik nie. Bevat sukrose en glukose wat 'n uitwerking op die glukemiese beheer van persone met diabetes mellitus kan hê. Produkte wat kruiebestanddele bevat, kan interaksies met sommige medikasie hê. Indien enige chroniese medikasie gebruik word, raadpleeg eers u geneesheer voordat die produk gebruik word. Moet nie die aanbevole daaglikse dosis oorskry nie. Die produk moet nie gebruik word nadat die vervaldatum reeds bereik is nie. Sien vervaldatum op die eenheid.
Porfirie: Veiligheid is nog nie vasgestel nie.
**BEWAAR BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**INTERAKSIES**
Persone wat antikoagulant- of bloedverdunningsmedikasie, soos Warfarin neem, moet hierdie produk met omsigtigheid gebruik, aangesien *Pelargonium sidoides* ŉ bloedverdunningseffek kan hê. Produkte wat kruiebestanddele bevat, kan interaksies met sommige medikasie hê. Indien enige chroniese medikasie gebruik word, raadpleeg eers u geneesheer voordat die produk gebruik word.

**SWANGERSKAP EN LAKTASIE**
Veiligheid vir gebruik tydens swangerskap en laktasie (borsvoeding) is nog nie vasgestel nie.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**
Moet nie die aanbevole daaglikse dosis oorskry nie.
Moet nie aan babas of kinders jonger as 6 jaar toedien nie.
Volwassenes 12 jaar en ouer:
Los 1 - 2 suigtablet(te) op in die mond, drie keer per dag.
Kinders tussen 6 en 12 jaar oud:
Los 1 suigtablet op in die mond, drie keer per dag.

**NEWE-EFFEKTE**
Indien enige newe-effekte of sensitiwiteit teenoor enige van die bestanddele voorkom, staak gebruik. Indien simptome voortduur of nadelige reaksies ondervind word, raadpleeg ŉ geneesheer. Geen newe-effekte is gerapporteer nie.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BEHANDELING**
Moet nie die aanbevole daaglikse dosis oorskry nie. Raadpleeg ŉ geneesheer indien ŉ oordosis per abuis ingeneem word. Simptome kan insluit, maar is nie beperk tot: epigastriese brandgevoel, naarheid, braking, duiseligheid, spierswakheid, vernoude pupille, 'n gevoel van versmoring, ylhoofdigheid, hoofpyn en stuiptrekkings, nie. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

**IDENTIFIKASIE**
Verskillende geurvariante beskikbaar.
Linctagon® lozenges oorspronklike variant: ronde donkerbruin suigtablet.
Linctagon® lozenges suurlemoengeur variant: ronde geel suigtablet.
Linctagon® lozenges kersie-mentolgeur variant: ronde rooi suigtablet.

**AANBIEDING**
15 individueel verpakte suigtablette in 'n plastieksakkie, in 'n eenheidskarton, met 'n voubiljet.
15+5 individueel verpakte suigtablette in 'n plastieksakkie, in 'n eenheidskarton, met 'n voubiljet.

**BERGINGSAANWYSINGS**
Bewaar benede 25 °C. Bewaar weg van vog en direkte sonlig.
**BEWAAR BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**REGISTRASIENOMMER**
Moet toegeken word.

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE**
Nativa (Edms) Bpk
Cradocklaan 260, Lyttelton, 0157, Gauteng, Suid-Afrika
Tel: +27 (0)12 664 7110 • Faks: +27 (0)12 664 8031
Verbruikershulplyn: **0860 NATIVA (628 482)**
E-pos: health@nativa.co.za
Webblad: www.nativa.co.za

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET**
Moet toegeken word.

Hierdie medisyne is nog nie deur die Medisynebeheerraad geëvalueer nie.
Hierdie medisyne is nie bedoel om enige siekte te diagnoseer, behandel, genees of voorkom nie.

PPIL014/02